Ontmoeting 16 Die verlore skaap

God is altyd met ons. Hy is Alomteenwoordig. Al dwaal ons af, Hy bly lief vir ons.

Teks: Matteus 18:12-14, Lukas 15:3-7

Hulpmiddels:
- Vergroot die skets waarmee “Woord” begin
- Koki’s/kryte/verf om die verhaal te voltooi
- 1 Kopie van die skets per kind
- Kopieë van die 2 emosielose skaapgesiggies vir elke kind
- Potlode/kryte
- 1 Masker per kind
- 1 Rekkie of stokkie vir elke masker
- 1 Skapie sonder bene per kind
- Wol/watte
- 2 Wasgoedpennetjies per kind
- 1 Inkleurprentjie
- Stukkies materiaal
- Gom

WELKOM

Steek vooraf ‘n paar goedjies weg en laat die kinders dit soek. Dit kan lekkers, speelgoed, plastiekskapies, prente of sagte speelgoed wees. Bring prente van plaasdiere saam. Sit die prente onderstebo neer. Deel die kinders in groepe op indien dit ‘n groot groep kinders is. ‘n Kind draai ‘n prent om sonder dat die ander kinders dit sien, kyk na die dier en maak die dier se geluid na. Die ander moet raai wat hy/sy is. Die een wat reg raai, kan nou die volgende prentjie kom trek. Groepe kan vir ander groepe laat raai. Indien die groep reg raai, kry hulle ‘n punt.

Laat kinders in ‘n sirkel staan met hulle hande agter hul rûe soos bakkies. Kies een kind om in die middel te staan. Noem hierdie kind in die middel die herder. Die herder maak sy/haar ogies toe. Die leier stap om die sirkel kinders en sit ‘n klein voorwerp wat as die skapie “gesien” word in ‘n kind se hande. Sodra die groep reg is, skree almal saam: “Herder, herder, waar is jou skaap?” Die herder kry drie kanse om te raai wie die skaap het. Die een met die skaap kry nou ‘n beurt om die herder te wees.

‘n Gelykenis is ‘n makliker manier om deur ‘n storie vir ons iets te leer. Jesus het baie stories gebruik om vir mense te leer. Vandag gaan ons luister na Jesus se storie oor die verlore skaap**.**

WYDING

Sing die **temalied** wat julle vir die kwartaal gekies het en doen die **stilword-gebed** soos in ontmoeting 15.

WOORD

Ons storie gaan vandag oor ‘n gelykenis wat Jesus vertel het van ‘n skapie en sy skaapwagter. ‘n Skaapwagter in Israel het dag en nag by sy trop skape gebly [teken skaap in blok 1]. Hy het altyd gesorg dat hy hulle na die beste plek toe vat waar daar lekker gras [teken gras] en water [teken plas water] is. Hy het hulle ook beskerm teen allerhande roofdiere soos bere, jakkalse en luiperds. Omdat hy so baie tyd saam met sy skape spandeer het, het hy elkeen van hulle geken.

Dit het ook gebeur dat ‘n skaap seergekry het of in ‘n gat geval het en dan het die skaapwagter hom op sy skouers getel en saamgedra en versorg totdat hy weer gesond was.
Die skaapwagter in vandag se storie, het 100 skape gehad. [Skryf 100]. Hy het elkeen van sy skape so liefgehad dat hy vir almal ‘n naam gegee het.
Eendag het hulle rustig in die veld gewei. Een van die skapies het kort-kort ‘n ander polletjie gras gesien wat net nog lekkerder lyk as die een waarmee hy besig was. Terwyl hy besig was om te vreet, sien hy nog ‘n lekker polletjie gras, dan sien hy in ‘n holte die heerlikse water om te drink. Versigtig klim hy oor die klippe om by die water te kom. [Teken klippe] En daar agter daardie bos is nog ‘n lekker pol gras. [Teken 2 groot bosse om skaap toe te verf.] En so het hy al verder en verder van die trop af gedwaal, sonder dat iemand dit agtergekom het. Toe hy weer sien, is hy heeltemaal alleen. Hy sien nie een ander skaap of die skaapwagter nie! Hy kan nie een van die ander skape of die skaapwagter se stem hoor nie. Die ergste van alles was dat hy glad nie geweet het waar hy was nie!

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:
Ek wonder hoe die skapie gevoel het toe hy agterkom dat hy alleen is.
Toe die skaapwagter sy skape vir die aand bymekaarmaak, kon hy sy oë nie glo nie! Een van sy skape was dan weg! [Skryf die woord WEG.] Daar was nou net 99 skape oor. [Skryf 99 in blok 2.)
Ek wonder wat die skaapwagter gedoen het? Het hy miskien gesê: “Wat sal een skaap nou verskil maak? Ek gaan hom sommer net hier los, want ek het mos darem nog 99 ander.” Ek wonder of hy kwaad was vir die skaap en gesê het: “Hy wou mos nie luister nie. Dis sy eie skuld dat hy nou weg is!”
Ek dink die skaapwagter was baie hartseer, want hy was mos lief vir sy skape. [Teken gesig van skaapwagter in blok 2 klaar en skryf die woord HARTSEER.]
Hy het die ander 99 skape veilig bymekaar gelos en gaan soek na die een skapie wat weg was.
Hy het aangehou soek en soek – agter elke rots, tussen al die lang gras [teken klippies en gras in blok 3] totdat hy hom gekry het. [Skryf die woord KRY.] Hy het die skapie opgetel en teruggevat na die ander 99 skape. [Teken skaap in blok 3.]
Ek wonder hoe die skaapwagter gevoel het toe al 100 sy skape weer bymekaar was? [Teken bly gesig in blok 4.] Ja, hy was baie bly! [Skryf BLY in blok 4.]
Ek wonder hoekom Jesus hierdie gelykenis vir die kerkmense vertel het?
Om hulle te leer dat daar nie een mens is wat be-langriker as iemand anders in God se oë is nie. Hy is vir almal ewe lief, want Hy het vir ALMAL se sondes aan die kruis gesterf. [Verf ‘n hart in die middel van die bladsy waar die vier blokke bymekaarkom.]





WERSKAF

- Die kinders kry dieselfde prentjies om te voltooi soos hulle saam die storie weer deurgaan en aan mekaar/ander vertel. Onthou die hartjie in die middel as die verhaal klaar is.
- Maak skaapmaskers.
- Gebruik die volgende “ek wonder”-stellings om die kinders te help om emosies vir die skapies in te teken:
  - Ek wonder hoe sal jy voel as jy ’n skapie is wat wegraak.
  - Ek wonder hoe dit sal voel as jy gevind word.

  (Kleiner kinders kan net gesiggies teken en gesels oor die skapies se emosies. Ouer kinders kan gehelp word om woorde vir hulle emosies neer te skryf.)
- Laat die kinders hulle eie skapies maak deur vir elkeen ‘n stuk wol/watte, twee hout wasgoedpennetjies en ‘n karton skapie te gee. Hulle sit eers die wasgoedpennetjies as bene aan en draai dan die wol/watte om die skapie.
- Gee vir elke kind ‘n prentjie van die skaapwagter en skapies. Gebruik stukkies materiaal en versier die skaapwagter se klere daarmee. Gebruik watte om op die skapies te plak.

Sluit af met die volgende **seënbede:**
Die kinders staan saam in pare met hul hande bymekaar soos oop bakkies. Wanneer ons vir mekaar bid, sit ons die bakkies saam om een groot bak te maak. Dit wys vir ons dat ons ontvanklik is vir God se verrassings en om hulle met mekaar te kan deel.
Sê saam:
*God het verrassings vir my (*hande na myself) *en vir jou* (hande saam).
*God gee verrassings vir my (*hande na myself) *en vir jou* (hande saam).
Mag my hande en my oë altyd oop wees vir God se geheime verrassings.

Die vorm van die skapie om met watte te plak of met wol toe te draai.





Jesus is my Herder.